

Hoofstuk van die dag: Johannes 10

> *Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. (vers 28)*

Kan ’n mens seker kan wees jy gaan eendag in die hemel kom?

“Ja, ek is op hierdie oomblik seker, want ek glo en leef naby die Here, maar wie kan sê wat oor tien of vyftien jaar gaan gebeur? Wie weet of ek dan steeds in Jesus sal glo? Of sal ek dalk iewers die pad byster raak?” Só het iemand eenkeer vir my gesê.
As jy jou geloofsekerheid op jóú geloof bou, is jy in die moeilikheid, soos daardie man. Dan leef jy met ’n swaard oor jou kop, want die duiwel is listig en kan jou van die Here af weglok.
Ons sekerheid lê egter nie in onsself nie, maar in die Here. Niemand kan jou uit sy hand ruk nie, belowe Jesus (vers 28). En in vers 29 voeg Hy by dat die Vader ons óók vashou. Dís waar ons sekerheid lê. Nie in my sterk geloof nie, maar in God en sy trou. Dis ook hoe die Heidelbergse Kategismus begin: My enigste troos in lewe en in sterwe is dat ek aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus, behoort. Halleluja!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026